

17 Junie

Skrifgedeelte: Esra 7
Fokusgedeelte: Esra 7:6,28

God se helpende hand

Die oprigting van strukture vir die godsdiens kan nie sonder God se hulp gebeur nie. Omdat Hy sy oog oor die Israeliete hou, kon hulle die tempel voltooi. Maar God moet ook help om binne daardie strukture die ware godsdiens te vestig. Daarom bring God Esra op die toneel. Hy is 'n toegewyde wetgeleerde wat die volk elke voorskrif en bepaling kan leer (7:10).

Esra werk onder die "hand van die Here" (7:6,28). Hy is self 'n gawe uit God se hand, gebore uit geslagte priesters waaroor God sy hand gehou het (7:1-5). God gee ook deur die hand van Moses die wet wat Esra moet toepas (7:6). Onder God se hand maak koning Artasasta sy hand oop en die hele skatkis kom tot Esra se beskikking! God se hand maak die koning, sy adviseurs en magtige amptenare goedgesind (7:28). Onder God se hand reis Esra veilig na Jerusalem (8:31). Ware Godsdiens is net moontlik onder God se hand wat voorsien, help en beskerm.

Maar, hoe kom ons onder God se hand? Deur ons hande op te hef gebed! Petrus sê: "Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God ... werp al julle bekommernisse op Hom want Hy sorg vir julle" (1 Pet 5:6-7). Soos die slaaf van Psalm 123 moet ons oë altyd biddend gerig wees op die hand van die Here ons God. Waar 'n gemeente só onder God se hand lewe, gaan die hande oop en word hande gevat in die momentum van God se koninkryk.

Sing: Psalm 127:1,2

Dr WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)